BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Dinsdag, 31 Maart 1942. WINDHOEK Tuesday, 31st March, 1942. No. 951

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

P. R. BOTHA,
*Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek,

No. 72.] [31 Maart 1942.

ORDONNANSIES 1942: UITVAARDIGING VAN.

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet No. 42 van 1925) aan die volgende Ordonnansies, wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—



| *No.* | *Titel.* | *Bladsy.* |
|---|---|---|
| 1. | Addisionele Middele- (1941—'42) Ordonnansie 1942 | 3915 |
| 2. | Wysigingsordonnansie op die Voogdyfonds (Rente op Gelde van Minderjariges en Kranksinniges) 1942 | 3915 |
| 3. | Konsolidasie Wysigingsordonnansie betreffende Lisensies 1942 | 3916 |
| 4. | Wysigingsordonnansie betreffende Hondebelasting 1942 | 3916 |



The following Government Notice is published for general information.

P. R. BOTHA,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek,

No. 72.] [31st March, 1942.

ORDINANCES, 1942: PROMULGATION OF.

His Honour the Administrator has been pleased to assent in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—



| *No.* | *Title.* | *Page.* |
|---|---|---|
| 1. | Additional Appropriation (1941—'42) Ordinance, 1942 | 3915 |
| 2. | Guardian's Fund (Interest on Minors and Lunatics Moneys) Amendment Ordinance, 1942 | 3915 |
| 3. | Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1942 | 3916 |
| 4. | Dog Tax Amendment Ordinance, 1942 | 3916 |

No. 1 van 1942.]

# ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere geldbedrag van hoogstens agtien duisend negehonderd vier-en-twintig pond vir die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die boekjaar eindigende op die een-en-dertigste dag van Maart 1942.

*(Goedgekeur 31 Maart 1942.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Die Administrasierekening van die Gebied Suidwes-Afrika word hiermee belas met die bedrag van sestien duisend vierhonderd vier-en-twintig pond op die Inkomsterekening en twee duisend vyfhonderd pond op Leningsrekening tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrag beskikbaar gestel vir die diens van die boekjaar eindigende op 31 Maart 1942, soos in Ordonnansie No. 4 van 1941 vermeld is.

2. Die geld wat deur hierdie Ordonnansie beskikbaar gestel word, moet aangewend word vir die dienste in besonderhede vermeld in die Bylae tot hierdie Ordonnansie en omstandiger uiteengesit in die Begroting van Addisionele Uitgawes wat gedek moet word uit Inkomste- en Leningsfondse (S.W.A. 2—'42), soos deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.

3. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Addisionele Middele- (1941—'42) Ordonnansie 1942.

BYLAE.

| No. van Begrotingspos. | Benaming van Begrotingspos. | Bedrag. |
|---|---|---|
| | OP. INKOMSTEREKENNG. | £ |
| 3 | Landbou | 823 |
| 6 | Diverse Dienste | 621 |
| 8 | Werke | 13,000 |
| 16 | Volksgesondheid | 1,980 |
| | TOTAAL | £16,424 |
| | OP LENINGSREKENING. | |
| A. | Geboue, ens. | 2,500 |
| | GROOT TOTAAL | £18,924 |

No. 1 of 1942.]

# ORDINANCE

To apply a further sum not exceeding eighteen thousand nine hundred and twenty-four pounds towards the service of the Territory of South West Africa for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1942.

*(Assented to 31st March, 1942.)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Administration Account of the Territory of South West Africa is hereby charged with the sum of sixteen thousand four hundred and twenty-four pounds on Revenue Account and two thousand five-hundred pounds on Loan Account to meet certain expenditure over and above the amounts appropriated for the service of the financial year ending on 31st March, 1942, as specified in Ordinance No. 4 of 1941.

2. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services detailed in the Schdule hereto and more particularly specified in the Estimates of the Additional Expenditure to be defrayed from Revenue and Loan Funds (S.W.A. 2—'42) as approved by the Legislative Assembly.

3. This Ordinance may be cited as the Additional Appropriation (1941—'42) Ordinance, 1942.

SCHEDULE.

| No. Vote. | Designation of Vote. | Amount. |
|---|---|---|
| | ON REVENUE ACCOUNT. | £ |
| 3 | Agriculture | 823 |
| 6 | Miscellaneous Services | 621 |
| 8 | Works | 13,000 |
| 16 | Public Health | 1,980 |
| | TOTAL. | £16,424 |
| | ON LOAN ACCOUNT. | |
| A. | Buildings, etc. | 2,500 |
| | GRAND TOTAL | £18,924 |

No. 2 van 1942.]

# ORDONNANSIE

Om die rentevoet, wat toegestaan moet word op gelde deur die Meester van die Hooggeregshof ontvang op rekening van minderjariges of kranksinniges of ander persone, te verander.

*(Goedgekeur 31 Maart 1942.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

No. 2 of 1942.]

# ORDINANCE

To alter the rate of interest to be allowed on moneys received by the Master of the High Court for account of minors or lunatics or certain other persons.

*(Assented to 31st March, 1942.)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. Artikel 1 van Ordonnansie No. 17 van 1935 word hiermee gewysig deur die skrapping van die woord „vier" in die laaste reël van die artikel en die vervanging daarvan deur die woorde „drie-en-'n-half".

2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Wysigingsordonnansie op die Voogdyfonds (Rente op Gelde van Minderjariges en Kranksinniges) 1942 en tree in werking op die 1ste dag van April 1942.

No. 3 van 1942.]

# ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet betreffende die lisensieverlening aan handel en bedrywe.

*(Goedgekeur 31 Maart 1942.)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika met die toestemming van die Goewerneur-generaal, vir sover sodanige toestemming nodig is, nadat dit vooraf ontvang en aan die Wetgewende Vergadering deur boodskap van die Administrateur, ooreenkomstig die bepalings van artikel 26 van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet No. 42 van 1925) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, meegedeel is, as volg:—

1. Die tweede Bylae van die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935 (Ordonnansie No. 13 van 1935), soos gewysig deur die Konsolidasie Wysigings-Ordnonansie betreffende Lisensies 1939, word hiermee verder gewysig deur die byvoeging aan die end daarvan van die volgende item:—

"22. Houer van 'n restaurant, verversings- of teekamer."

2. Hierdie Ordonnansie heet die Konsolidasie Wysigingsordonnansie betreffende Lisensies 1942.

No. 4 van 1942.]

# ORDONNANSIE

Om die wet met betrekking tot hondebelasting verder te wysig.

*(Goedgekeur 31 Maart 1942.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Artikel 4 van die Hondebelasting Ordonnansie 1927 (No. 14 van 1927), soos gewysig deur die Wysigingsordonnansie betreffende Hondebelasting 1936 (No. 8 van 1936) word hiermee gewysig deur die volgende subartikels daaraan by te voeg:—

"(4) Die Diamantraad vir Suidwes-Afrika is vrygestel van die betaling van die belasting ten aansien van alle honde wat die Raad besit en wat die Diamantspeurdersafdeling vir polisiedoeleindes in verband met beskermingsmaatreëls teen diefstal van diamante gebruik.

(5) Geen belasting sal betaalbaar wees nie ten opsigte van enige hond wat die eiendom is van die Suid-Afrikaanse Polisie en wat uitsluitlik vir polisiedoeleindes gebruik word."

2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Wysigingsordonnansie betreffende Hondebelasting 1942.

1. Section 1 of Ordinance No. 17 of 1935 is hereby amended by the deletion of the word "four" in the last line of the section and the substitution therefor of the words "three and one-half".

2. This Ordinance may be cited for all purposes as the Guardian's Fund (Interest on Minors and Lunatics Moneys) Amendment Ordinance, 1942, and shall come into operation on the 1st day of April, 1942.

No. 3 of 1942.]

# ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the licensing of trades and occupations.

*(Assented to 31st March, 1942.)*
*(English text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Governor-General, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section 26 of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), of the Parliament of the Union of South Africa, as follows:—

1. The Second Schedule to the Licences Consolidation Ordinance, 1935 (Ordinance No. 13 of 1935), as amended by the Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1939 (Ordinance No. 13 of 1939), is hereby further amended by the addition at the end thereof of the following item:—

"22. Restaurant, Refreshment or Tea Room Keeper."

2. This Ordinance shall be called the Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1942.

No. 4 of 1942.]

# ORDINANCE

To amend further the law relating to the taxation of dogs.

*(Assented to 31st March, 1942.)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section 4 of the Dog Tax Ordinance, 1927, (No. 14 of 1927), as amended by the Dog Tax Amendment Ordinance, 1936 (No. 8 of 1936), is hereby amended by the addition of the following sub-sections:—

"(4) The Diamond Board for South West Africa shall be exempted from payment of the tax in respect of all dogs owned by the Board and used by the Diamond Detective Department for police purposes in connection with protective measures against the theft of diamonds.

(5) No tax shall be payable in respect of any dog owned by the South African Police and used exclusively for police purposes."

2. This Ordinance may be cited for all purposes as the Dog Tax Amendment Ordinance, 1942.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur / Printed in South West Africa by } John Meinert Ltd., Windhoek.